# ECHO OF HIS CALL

## EGGO VAN SY ROEP

AFRIKAANS

India's National Spiritual Newspaper

₹ 10/-

REACHING NATIONS

Published monthly in ENGLISH, TAMIL, MALAYALAM, TELUGU, HINDI, KANNADA, MARATHI, BENGALI, GUJARATI, ODIYA, ASSAMESE, PUNJABI, NEPALI, URDU, SINHALA & AFRIKAANS

*Redakteur:* S. SAM SELVA RAJ | - In 16 Tale | *Mederedakteur:* BRO. WILLEM JACOBUS PRETORIUS

Vol. XVIII    YEAR OF OUR LORD JESUS CHRIST, 2025 JUNE    No. 12


## DIE HEILIGE SKRIF

Memoriseer asseblief hierdie gedeelte.

**PSALM 27:1-6**

1. Die Here is my lig en my redder, vir wie sou ek bang wees? Die Here is my toevlug, vir wie sou ek vrees?
2. As misdadigers op my afstorm om my dood te maak, my teë-standers en my vyande, dan is dit juis húlle wat struikel en val.
3. Al sou 'n leër teen my stelling inneem, sal ek nie bang word nie. Selfs al sou die aanval op my begin, sal ek nog steeds ver-troue hê.
4. Net een ding het ek van die Here gevra en dit sal ek najaag: dat ek my hele lewe lank in sy huis mag woon om sy goedheid te belewe en daaroor na te dink in sy tempel.
5. Op die dag van gevaar sal die Here my wegsteek in sy huis, my veilig laat skuil in sy woonplek, my hoog op 'n rots laat staan;
6. ek sal in sy woonplek onder trompetgeklank my offers bring, ek sal 'n lied sing, ek sal sing tot die eer van die Here terwyl ek neerkyk op die vyande rondom my.

## LAAT JY 'N ERFENIS NA VIR JOU KINDERS?

### ARE YOU LEAVING A LEGACY TO YOUR CHILDREN?

*Sus. Angel*



Groete in die Naam van ons Heer en Verlosser Jesus Christus aan al ons geliefde **Echo of His Call** familielede.

Ons kan skaars glo dat al reeds byna ses maande van 2025 verby gegaan het. Dit voel asof die jaar pas begin het, en tog betree ons al amper die tweede helfte. Dit laat ons dink aan Habakuk 3:2 se woorde: **"... laat u dade ook in ons tyd ervaar word, ..."** Ek bid dat die Here jou sal vernuwe, jou gesin, jou bediening, jou besigheid, beroep, jou studies, met sy goddelike bevoorregting en genade in die tweede helfte van die jaar.

Lukas 15 is 'n baie bekende deel van die Bybel. Laas maand het ek geskryf oor die gelykenis van die verlore skaap – die een wat die herder gaan soek het en die nege en negentig verlaat het. Die hele hoofstuk kan opgesom word as 99:9:1 – die 99 agtergeblewe skape, die 9 oorblywende muntstukke, en die 1 seun wat sy pa se huis verlaat het en nie sy pa se liefde verstaan het nie.

*....verv. op.bls. 3*




**Echo of His Call**

*YouTube Christian Channel !*

**Jy sal die geleentheid kry om saam met Pr. S. Sam Selva Raj te bid!**

**Boodskap & gebed in 5 minute!!**

**Engels, Hindi, Tamil & Telugu**

**Elke dag – From 2.00 vm**

**Tamil Sondagdiens – 8.30 vm.**

*** Please Subscribe and Share ***

# ECHO OF HIS CALL - (1969-2019 GOLDEN JUBILEE YEAR)

REACHING NATIONS



## van julle geliefde broer...



**Ons Sendingopdrag**

Ons moet die huidige generasie onderrig in die onvervalste leer van die ou, vroeë Apostels. Dit is die behoefte van ons tyd.


HON. EDITOR-IN-CHIEF

Rev. Angeline S. Kumari, M.A., M.Sc., M.Ed.

EX MANAGING EDITOR

Pastor Alex Samson Sam, B.Th., M.Div.

GENERAL MANAGER

Bro. N. Prakasam, M.A., M.Sc.(C&P), PGDHRM, MBA.

ADMINISTRATION

Sis. Jesy Veena Sam

Adv. K. Puratchivendan, M.Com., C.A., B.L.

Dr. P.E.R. Premchand, M.Sc., M.A., M.Ed., Ph.D.

Dr. C.G.S. Baburao, B.Tech., M.Tech. (DM), Ph.D.

Dr. Rabinder Boaz, M.S. (CMC)

EDITORIAL BOARD

Dr. Serena Bevin, M.A., M.Phil., B.Ed.

Sis. Sajini Cherian

Rev. Dr. K.R. Rajasekaran

Rev. Dr. William Robert, Ph.D., DD, D.Lit.



EDITOR, PUBLISHER & PRINTER

Pastor S. SAM SELVA RAJ

Echo of His Call Printers

10, Mohammed Abdullah 2nd Street,

Chepauk, Chennai- 600 005, India.

Phone : (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766

Cell : (+91) 98410 71852, 98412 71858 95661 31858

E.MAIL

sam@echoofhiscall.org

biblecor@yahoo.co.in

WEBSITES

www.echoofhiscall.org

www.stpaulsmatriculation.org

YOUTUBE CHANNEL

Echo of His Call


### Ons hulp kom van die Here wat hemel en aarde gemaak het. - Psalm 124:8

Geliefde in Christus,

Genade, vrede en alle goedheid vir julle in die Naam van ons Here en Verlosser Jesus Christus.

Ons dien 'n goeie en getroue God, en ons is innig dankbaar vir die pad waarlangs Hy ons voortdurend lei. Ons bring hartlike dank en lof aan die Here vir ons toegewyde medewerkers en vennote wat getrou saam met ons reis, al is daar tye van uitdagings en moeilikhede. Ons waardeer baie innig julle volgehoue gebede.

Ons dank God vir die oorvloedige seën gedurende ons **Vakansie Bybelskool** wat op verskeie plekke vir die kinders gehou is tydens April en Mei. Ons is besonder dankbaar vir al ons medewerkers, broers en susters in Christus vir hul onvermoeide pogings om hierdie projek 'n groot sukses te maak. Mag die Here julle gebede, gawes en opofferings ryklik beloon. Wees verseker van ons innige gebede vir julle en jul gesinne.



*Vakansie Bybelskool in Santhosahpuram*



*DieNehemia Bybelkolleges se Fakultieitsvergadering*

**Nehemia Bybelkollege** se Fakulteitsvergadering is op 21 April 2025 gehou, waar hulle biddend die aksieplan bespreek het vir die


**Our Ministries:** ECHO OF HIS CALL Monthly Magazines (16 languages) BIBLECOR - Postal Courses (3 languages) YouTube Ministry Online Courses Theological Correspondence Courses (2 languages) Church Planting Nehemiah Bible Colleges Gospel Printing Press Great Commission Partners St. Paul's Matriculation School Crusades Community Development

volgende akademiese jaar 2025-2026. Deur God se genade het die klasse begin by ons **Nehemia Bybelkolleges** en **St. Paul Matrikulasieskool.** Ons vra julle voorbidding vir die Hoofde, onderrig- en ander personeel, en almal wat betrokke is in die akademiese bediening.

As medewerkers in Christus se sending vra ons volgehoue voorbidding dat ons oorvloedige genade van God sal ontvang in alles wat ons aanpak.

Met liefde en gebede, In sy diens,

*ECHO OF HIS CALL BEDIENINGSPAN.*

E.mail : sam@echoofhiscall.org

**Bid asseblief** **URGENT NEED** **Teachers for**

**ST. PAUL'S MATRICULATION SCHOOL,**
**An *Echo of His Call* Institution**
**Vijayanagaram, Medavakkam,**
**Chennai - 100.**

We need well qualified, experienced, dedicated, hard working and mission oriented Christians.
Apply with Bio-data to
E.mail: sam@echoofhiscall.org
WhatsApp: (+91) 98412 71858

## BAIE DRINGENDE KENNISGEWING!




Daar mag onvermydelike onderbrekings kom in die posversending van **Echo of His Call** in die nabye toekoms. As jy **Echo of His Call** steeds wil ontvang sonder onderbreking, stuur asseblief vir ons jou naam, adres, e-pos, en WhatsApp nommer in 'n brief, e-pos, oproep of SMS of WhatsApp-boodskap so gou moontlik.

Jou hulp hierin help ons om jou beter te dien.

**Ons adres:**

**ECHO OF HIS CALL,**
10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005, India
Cell: (+91) 98412 71858 / 98410 71858 E.mail: sam@echoofhiscall.org

*....Contd. from page 1*

Vadersdag word in Junie gevier in Indië, daarom het ek leiding ervaar om verder na te dink oor Vader se liefde uit dieselfde hoofstuk.



*Vader se liefde*

Ek begryp dat hierdie boodskap nie by almal aanklank sal vind nie, veral nie by diegene wat sonder 'n vaderfiguur groot geword het nie, of diegene wie se vaders nie positiewe invloed in hul lewens gehad het nie. Vir die sulkes vra ek verskoning en bied innige meegevoel. Ek gee ook erkenning vir die besondere sterkte en opoffering van enkel moeders wat boonop nog die rol van 'n vader ook moes volstaan. Dis 'n buitengewoon uitdagende rol, en as jy daardie pad stap as 'n vrou in 'n vader se skoene, haal ek my hoed af vir jou!

Maar ek wil ook eer betoon aan hulle wat steeds bid en wag om kinders te hê, soos Johannes die doper se pa Sagaria. En al het jy nog nie biologiese kinders nie, glo ek God sal jou seën met baie geestelike kinders om te versorg, te begelei en te koester. Hou moed terwyl jy nog wag!

Nou ek deel dit aan die begin want ek het eendag 'n kragtige ondervinding gehad. Nadat ek oor Vader se liefde gepreek het, het 'n diep gewonde en kwaaie jong vrou my genader. Sy kon nie God se liefde begryp as dit aan 'n pa gekoppel was nie weens pynlike ervarings wat sy gehad het met haar aardse pa. Ek moes baie liefdevol vir haar ons hemelse Pa se ware aard verduidelik - hoe Hy anders is as aardse pa's, en hoe sy




liefde volmaak is, genesend, en onvoorwaardelik. Eers toe het sy begin verstaan wat God se liefde in werklikheid beteken.

Die rol van 'n pa het besondere waarde in enige kultuur. Hy word dikwels geag as die hoof van die gesin - met die verantwoordelikheid om te voorsien vir sy huishouding, belangrike besluite te neem en sy kinders te versorg.

Dit is verstommend om te sien hoe die Bybel God telkens as 'n Pa uitbeeld. Jesus Self leer ons om God met hierdie intieme manier te nader: ... **Ons Vader in die hemel ...** (Matteus 6:9). Kom ons ondersoek deur die bril van die Bybel – veral Lukas 15 – wat dit werklik beteken om 'n geestelike of biologiese "vader" te wees.

Hierdie hoofstuk verhaal 'n bekende gelykenis, maar laat ek 'n kort samevatting gee. Die storie begin met 'n welgestelde pa met twee seuns. Die jongste, gedryf deur sy eie begeertes, eis sy deel van die erflating op en verlaat die



*Die jongste seun voer varke*

huis om wêreldse plesier na te jaag. Hy vermors egter alles en bevind homself uiteindelik in 'n dilemma, so erg dat hy varke moes voer en selfs hul kos begeer het. Plat op die aarde onthou hy sy pa - nie as iemand om na terug te gaan as 'n seun nie, maar as 'n slaaf.

Tog, toe hy huis toe gaan, sien sy pa hom van ver af aankom en hardloop en omhels hom, gee vir hom mooi klere en juwele, en reël 'n groot fees om sy terugkoms te vier.

Intussen het die oudste seun - wat tuis gebly het en sy pa getrou gedien het - afgeskeep gebelgd gevoel. Hy weier om deel te wees van die feesviering, want hy kon nie die diepte van sy pa se liefde begryp nie. Ja, al het hy fisies naby gebly was hy emosioneel op 'n afstand. Die jongste seun het egter sy pa se karakter innerlik ingesien, al was hy 'n rebelse kind. Selfs daar in die ver plek by die varke het hy geglo hy kan tog terug gaan - nie om veroordeel te word nie, maar om ontvang te word.

## GOD AS ONS VADER:

### 1.'N LIEFDEVOLLE VADER!

Gewoonlik is die jongste seun in die fokus van hierdie gelykenis, maar laat ons hierdie keer die pa as die hooffiguur oordink. Hy verteenwoordig ons liefdevolle hemelse Vader - 'n God wat sy kinders liefhet nie op grond van wat hulle doen of wie hulle is nie, maar op grond van wie Hy is.

Sy liefde is konstant, onwankelbaar, en onvoorwaardelik.

Die Israeliete word in Eksodus 4:22 genoem as **God se eersgeborene.** Al het hulle herhaaldelik van Hom af weggedraai, het God hulle telkens gered en vir hulle voorsien met 'n magtige en uitgestrekte arm. Sy liefde vir sy kinders wankel nooit.

Net so, in hierdie verhaal, het die pa nie sy seun betig of gekritiseer oor sy mislukkings nie. Hy het hom eerder met ope arms verwelkom en sy terugkoms met blydskap gevier. Hy broei nie op die verlede nie maar verbly hom in die hereniging.

So is ons hemelse Vader se liefde - onmeetbaar, medelydend en sonder prys. Hy aanvaar ons nie volgens ons waardigheid nie, maar uit die oorvloed van sy guns en genade.

Die Bybel leer ons: **En vaders, moenie julle kinders so behandel dat hulle opstandig**



*'n Liefdevolle Vader!*

**word nie, maar maak hulle groot met tug en vermaning soos die Here dit wil** (Efesiërs 6:4).

Sommige van ons vind dit aanvaarbaar om ons kinders streng te behandel of onvriendelik met hulle te praat. Maar die Skrif herinner ons dat selfs tydens dissiplinering van ons kinders ons sagkens en bedagsaam moet wees sodat ons hulle nie opstandig sal laat reageer nie. Mag die Here ons help om vaders te word wat sy hart vertoon.

Ons goeie Vader wag altyd dat ons na Hom sal terug kom. Maak nie saak hoe ver ons afdwaal van ons hemelse Vader nie, Hy

....verv. op.bls. 6

# GROOT OPDRAG-VENNOTE

**OM TE DEEL** (Galasiërs 6:2), **ONDERSTEUN** (Romeine 12:13) & **TE BESPOEDIG** (2 Timoteus 1:6)

## GEBEDSPUNTE - 2025 Junie 19 Tot 2025 Julie 18

(Haal asseblief hierdie blad uit, vou dit en hou dit in jou Bybel en bid voortdurend)

### Prys God vir ...

- **Junie 19** ➲ Toegewyde Mederedakteurs wat ons help om **Echo of His Call tydskrif** in 16 tale betyds uit te gee.
- **Junie 20** ➲ Sy getroue seën op ons Tydskrif-bediening sedert 1969.
- **Junie 21** ➲ Al die ondersteuners van **Echo of His Call Bedienings**.
- **Junie 22** ➲ God se seën op die studente rustyd van **Nehemia Bybelkolleges** wat op 17 Mei 17 2025 gehou is in Mahabali-puram.
- **Junie 23** ➲ Die gebede en geldelike steun van ons weldoeners.
- **Junie 24** ➲ Die suksesvolle voltooiing van die 2025-26 akademiese jaar vir ons Inwonende en Aandklas **Nehemia Bybelkolleges** en **St. Paul Matrikulasieskool**.
- **Junie 25** ➲ God se genade wat ons bediening laat vrug dra al die jare.
- **Junie 26** ➲ Goddelike beskerming van ons Senior Pastoor en sy gesin van alle vorme van boosheid.
- **Junie 27** ➲ Seën oor die toelatingsproses vir die 2025–26 akademiese jaar by **St. Paul Matrikulasieskool** en **Nehemia Bybelkolleges**.
- **Junie 28** ➲ Die geestelike impak van ons **Bybelkor (Bybel Korrespondensie-kursus)** en **Teologiese Korrespon-densie kursusse**.
- **Junie 29** ➲ God se hand oor ons **Global Vision for Youth and Kid Care Ministries**, veral ons daaglikse 10:00 nm. inter-sessie vir jeug en kinders wêreldwyd.
- **Junie 30** ➲ Beskerming en voorsiening vir ons **Echo of His Call** personeel en hulle gesinne.
- **Julie 01** ➲ Vrugtevolle uitkomste van ons **Vakansie Bybelskool** programme by ons hoof- en susterkerke.
- **Julie 02** ➲ Die sukses van ons **Echo of His Call** Church Achievers Award Funksie.
- **Julie 03** ➲ God se beskerming oor al ons **Nehemia Bybelkolleges** se studente.

### Bid asseblief vir ...

- **Julie 04** ➲ Goddelike beskerming vir ons sendelinge oral in die wêreld.
- **Julie 05** ➲ Vrede onder alle nasies.
- **Julie 06** ➲ Ekonomiese opheffing van minder bevoorregtes en vertraptes.
- **Julie 07** ➲ Veiligheid en krag vir sendelinge wat uitreik na onbereikte groepe mense in afgeleë plekke.
- **Julie 08** ➲ God se voorsiening vir al ons behoeftes vir hierdie maand.
- **Julie 09** ➲ Godvresende leierskap vir elke nasie.
- **Julie 10** ➲ Die veiligheid en gesondheid van ons Senior Pastoor, Ds. S. Sam Selva Raj en sy gesin.
- **Julie 11** ➲ Verdienstelike studente vir toelating tot ons Inwonende en Aandklas **Nehemia Bybelkolleges** en **St. Paul Matrikulasieskool** vir die 2025–26 akademiese jaar.
- **Julie 12** ➲ God se leiding vir die nuwe **Nehemia Bybelkollege** studente wie se klasse op 2 Junie 2025 weer begin.
- **Julie 13** ➲ Meer toegewyde werkers vir die **Echo of His Call Bedienings**.
- **Julie 14** ➲ Wysheid en krag vir al die geestelike leiers wêreldwyd.
- **Julie 15** ➲ God se guns oor ons Gebedsvennote, Ingeskrewe Vennote, Geloofs-vennote, Lewensvennote, en Groot Opdragvennote en hul gesinne.
- **Julie 16** ➲ God se guns oor al ons bediening se vergaderings en organisering.
- **Julie 17** ➲ Beskerming vir alle nasies teen terro-risme en geweld.
- **Julie 18** ➲ Goeie gesondheid en krag vir ons kan-toor- en drukpersoneel.

## BID ASSEBLIEF VIR ONS BEDIENINGE BY DIE HOOFKANTOOR

1. Gebedsdiens : 24 uur
2. **BYBELKOR -** Bybelkorrespondensiekursusse : Engels, Tamil & Hindi
3. **ECHO OF HIS CALL** - Maandblad: Engels, Tamil, Malayalam, Telugu, Hindi, Kannada, Marathi, Gujarati, Bengali, Odiya, Nepali, Assamees, Punjabi, Urdu, Singalees & Afrikaans.
4. Nehemia Bybelkolleges (Drie) (Aand / Residensiëel)
5. Teologiese Korrespondensiekursusse: Engels en Tamil
6. Groot Opdrag-vennote (Netwerk van Pastore)
7. Opleidingsprogramme
8. Veldtogte
9. Literatuurverspreiding en Opvolg
10. Evangeliese Drukpers -- Publikasies
11. St. Paul's Matriculation School - Village English High School
12. Sondagskole : 8.30 vm. & 4.00 nm. Sondag
13. **Tamil dienste : 9.00 vm. Sondag**
14. **Hindi dienste : 4.00 nm. Sondag**
15. **Telugu diens : 5.00 nm. Sondag**
16. **Engels en Tamil diens : 6.00 nm. Sondag**
17. Vrouebiduur : 5.30 nm. Woensdag
18. Mannebiduur : 7.00 nm. Vrydag
19. Dissipelskapsbyeenkoms : 6.00 nm. Saterdag
20. Huisbyeenkomste : 6.30 nm. Dinsdae en Donderdae
21. Spesiale Heilige Nagmaal : 6.00 vm. Eerste dag van elke maand
22. Terugvoervergadering van dominees :5.30 nm. Eerste Saterdag
23. Gebedsgeleentheid vir ouers :4.00 nm. Eerste Sondag
24. Naggebed : 9.30 nm. Tweede Vrydag
25. Vastende Gebed : 9.30 vm. Derde Saterdag
26. Heilige Nagmaal : Tweede Sondagdienste
27. Jeug- / Kindergebede : 10.00 nm. daagliks
28. Personeelgodsdiens : 9.00 vm. daagliks
29. Kantoor : 9. 00 vm. tot 9.00 nm. (behalwe Sondae)

*verv. v. bls.4*

staan gereed om ons terug te verwelkom met liefde en oop arms.

### 2.'N VERLANGENDE VADER!

In Lukas 15:20 lees ons: **"Toe hy nog ver aankom, het sy pa hom al gesien en hom innig jammer gekry. Hy hardloop hom tegemoet, omhels hom en soen hom.** Hierdie gevoelvolle oomblik vertoon die hart van 'n pa wat dag vir dag gewag en verlang het, wat bly hoop het sy seun kom weer terug.

Net so verlang ons hemelse Vader na herstelde verhoudings met elkeen van ons. Dit het Hy al begeer met Adam en Eva – 'n diep en intieme verhouding – en dit begeer Hy nou nog van ons, verlangend en wagtend!

**Tog is die Here gretig om julle genadig te wees ...** (Jesaja 30:18). Hy wag om sy guns, genade en goedgesindheid uit te stort, net soos die pa in die gelykenis.

Wanneer ons terugkom sal Hy ons nie verhoor of beskaam nie. Nee, Hy sal ons eerder omhels en seën met sy goedheid. As jy voel jy is ver van Hom af, nie sy liefde waardig nie, of huiwer om terug te

**NEHEMIAH BYBELKOLLEGES**

Chepauk & Santhoshapuram, Velachery Chennai.

Kwalifikasie: 10de Standerd (Graad 12) of hoër

HAAS JOU VIR TOELATING!

Medium :Tamil (Part Time) Hindi (Residential) (Sponsorship Available)

Diploma in Theology

Bid asb. vir

Erken deur Internasionale Christenleiers &Senior pastore vir die afgelope 55 jaar

Contact : The Chairman, Nehemiah Bible College.

10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA.

Phone : (+91-44) 2852 8282, Cell : (+91) 98410 71852 / 95661 31858

E.mail : sam@echoofhiscall.org / Website : www.echoofhiscall.org

gaan, weet dit: Jy is net een treetjie ver. Hy wag nou vir jou.

## 3.'N NALATENSKAP TE GEE!



*Die kinders leer baie by hul vader*

Hierdie aspek van vaderskap word dikwels mis gekyk. Die ou gesegde "aardjie na sy vaartjie" is nogal treffend waar. Vaders plant nie net hul gene voort nie, maar deel ook biologiese en geestelike eienskappe mee. Vir baie jong mense is hul vaders hulle eerste helde. Hulle leer so baie by hulle, nie net oor hoe om te lewe nie, maar ook hoe om nie te lewe nie.

Maar ongelukkig word negatiewe eienskappe makliker oorgedra. Tog laat vaders 'n blywende indruk, of hulle dit besef of nie. Hulle speel 'n belangrike rol in die vorming van hul kinders se geestelike lewens.

### In Eksodus 15:2 lees ons:

**Die Here is my krag en my beskerming. Hy het tot my redding gekom. Hy is my God, Hom roem ek, die God van my voorvaders, Hom prys ek.**

*....verv. op.bls. 9*


## Echo of His Call Postal Courses for candidates in India only

### 1. BIBLECOR

**Bid asb. vir**

Ons bied Korrespondensiekursusse aan oor Basiese Waarhede van die Bybel vir nuwe Christene en nie-Christene in Engels – 57 bladsye, Hindi – 76 bladsye & Tamil – 96 bladsye. Jy kry 'n kursusboek met die titel **New Life – For You! Na voltooiing van hierdie kursus sal jy 'n sertifikaat ontvang. Daar sal geen verpligte gelde wees nie. Jy sal geseën word!**

### 2. THEOLOGICAL CORRESPONDENCE COURSE

Advanced Distance Education called **Theological Correspondence Course** is available in English – 537 pages and Tamil – 652 pages for Pastors, Evangelists, Christian Leaders and for lay people who have passion to do God's Ministry! A fee of Rs. 1000/- is charged. 7 Books with 149 Chapters are supplied. **Certificate in Ministry** will be awarded. **God will bless you!**

***For more details, write to us.***

**The Chairman, Nehemiah Bible College,**

**Echo of His Call, Post Box 2957**, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005.
**Ph.: (044) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766, Cell : 98410 71852, 95661 31858**
**E.mail : biblecor@yahoo.co.in**

## Ons bankbesonderhede in Suid-Afrika

U blymoedige gawes kan gestuur word aan Echo of His Call Ministries vanaf enige plek in Suid-Afrika. Dit kan inbetaal word in ons bankrekeninge soos hier onder verstrek. As u aan ons ook die besonderhede stuur van u debietorder/oorbetalings/oordrag, sal dit moontlik wees om aan u 'n kwitansie uit te reik.

### *Ons bankbesonderhede:*

**ABSA BANK : Echo of His Call Missions**
**BANKKODE: 334515**
**REKENINGNO: 905 129 1908**
**TAK: JEFFREYSBAAI**
**KONTAKPERSOON: Mev Elbe Smit**
**Tel: (042) 296 1337 Sel: 084 813 2554 / e-pos: elbiesmith3@gmail.com**
**SIS. ELBINA SMITH**
**Address : DR. A. D. KEET STREET, WAVECREST, JEFFREYS BAY 6330.**

**Meld asb. u naam en naam van u dorp/stad op die bankdepositostrokie wanneer u donasies deponeer**



# PUT TOT PALEIS

(Lewenservarings van Pastoor S. Sam Selva Raj)

"Wie dit lees moet dit goed begryp" Matteus 24:15

**Loof die Here - Hy het aan ons gedink in ons vernedering. Aan sy liefde is daar geen einde nie. (Psalm 136:1,23).**

Van die begin van my bediening af het God my die gesindheid gegee om tot die uiterste te gaan en enige uitdaging te gryp om Hom te verheerlik en sy koninkryk uit te brei, sonder om dadelike beloning te verwag. Vanaf 1976 tot 1986 het ek gewoonlik verlof gevra van my regeringskantoor en evangelie toere gereël en gepreek by mini veldtogte in verskeie dele van Indië, alles op my eie koste.

Die Here het my gehelp om geestelike vriende saam te neem na verskeie dele vir minstens een of twee maande en onbereikte dorpies te besoek en so duisende mense aan te raak met die evangelie van Jesus Christus. Dikwels moes ek op God vertrou vir al my geldelike behoeftes, want ek moes treinkaartjies koop, ook buskaartjies, hotelkamers bespreek vir my en my kollegas. God het my wonderbaarlik gehelp.

Deur hierdie bediening het God my gehelp om verskeie afgeleë gebiede te besoek in Chengalput Distrik, Villupuram Distrik, Madurai Distrik, Trichy Distrik en Kanyakumari Distrik, Kodaikanal, Ootacamund, Trivandrum, Peermade, Idukki, Vandiperiyar, Vijayawada, Bangalore, Mysore, ens. Tydens hierdie togte het ek verskillende fisiese swaarkry beleef met die vervoer van ons musiekinstrumente en evangelie traktaatjies per bus en trein. Weens my lae geldelike status kon ek nie eens dink aan 'n eie voertuig vir die bediening nie. Maar God het my houding dopgehou en my getuienisse gehoor. **God is nie onregverdig nie: Hy sal julle werk nie vergeet nie en ook nie die liefde wat julle vir sy Naam betoon het deurdat julle julle medegelowiges gedien het en nog dien nie.**

(Hebreërs 6:10).

Later het ek opgelet dat God al my medewerkers geseën het en hulle opgehef het na hoër vlakke en volhou om hulle kragtig te gebruik in sy wingerd, tot vandag toe. Hy het my ook geseën met hulpmiddels soos die nuutste toerusting, karre, minibusse en ywerige werkers, en Hy stel my in staat om meer en meer die evangelie te bedien aan ongeredde mense van Indië. God my ook geëer, my na verskeie lande van die wêreld geneem en geseën met goeie vriende.

Dieselfde God leef steeds! Hy soek gewillige mense wat na vore kan kom om Hom te dien sonder om vinnige beloning te verwag, of hoë posisies en korrupte motiewe. **Werp jou brood op die water, eendag kry jy dit terug** (Prediker 11:1).

Hy skuld niemand iets nie.

Ek het persoonlik geleer dat as ons graag iets vir God se koninkryk wil doen, ons dit dadelik moet doen, sonder om te kyk hoe die wind waai of die wolke lyk, want **wie die wind bly dophou, saai nie, wie na die wolke bly kyk, oes nie** (Prediker 11:4). Die wêreld en wêreldse mense sal by jou staan.

Deesdae wil ons mense nie hul gesondheid, geld en talente belê in die bevordering van God se koninkryk nie; hulle verwag eerder vinnige bevordering en dadelike beloning. Liewe vriend, ek is waarlik geseën weens die evangelie van Jesus Christus. Hy kan jou ook so seën. Kan jy nou opstaan en iets vir Jesus Christus doen? Kan jy jou kruis opneem en Hom volg?? **God soek gewillige mense wat regtig geïnteresseerd is om sy glorieryke evangelie uit te stuur, op enige en allerlei maniere, teen enige koste.** (kyk 1 Korintiërs 9:22).

**Wanneer jy hierdie woorde lees, weet dat God 'n spesiale plan vir jou het! Wêreldse rykdom, gesondheid, verhoudings en roem sal jou eendag in die steek laat!! Maar *Jesus Christus sal jou as weeskind agterlaat nie!!!*** (Johannes 14:18). **Besluit vandag. 'n Groot beloning wag vir jou!**

************

*verv. v. bls.7*

Die frase “my pa se God” weerkaats dat geloof in God van jongs af geleer is – deur 'n pa se invloed.

**Deuteronomium 32:7 sê:**

**Dink aan die dae lank verby, onthou die jare van die voorgeslagte. Vra jou pa dat hy jou vertel, ...**

**Psalm 44:2 voeg by:**

**Met ons eie ore het ons gehoor, o God, ons vaders het ons dit vertel, dat U in die ou dae, in die gryse verlede, 'n groot daad gedoen het.**

**En Psalm 78:3–4 verklaar:**

**Wat ons gehoor het en wat ons weet, wat ons vaders ons vertel het, sal ons vir ons kinders nie verswyg nie. Ons sal aan die volgende geslag vertel van die roemryke dade van die Here en van sy mag, van die wonderdade wat Hy gedoen het.**

Hierdie verse is duidelik: Kinders leer by hul vaders, en dit is elke pa se verantwoordelikheid om geestelike wysheid en goddelike waardes aan die volgende geslag oor te dra.

Ongelukkig is baie sondes in ons kinders se lewe gewortel in lewenswyses van vroeër geslagte. Maar God se wens is dat ons 'n geestelike erflating van seën sal agter laat en nie een van vervloeking nie.

Die Bybel het baie voorbeelde waar seuns hul pa's se goddelose paaie gevolg het en betekenislose lewens gelei het, veral onder die konings van Israel en Juda. In 2 Konings 21:21 lees ons van Manasse se seun Amon: **Hy het in alles die voorbeeld van sy pa gevolg, die stinkende afgode gedien wat deur sy pa gedien is, en hulle aanbid.**

Wat 'n tragedie! Manasse was die seun van die groot koning Hiskia – 'n man wat God vurig liefgehad het. Maar wat het met Manasse gebeur? Hoekom was hy nie opgevoed met dieselfde toewyding aan God nie? 'n Belangrike vraag vir elke pa: Wat laat ek agter vir my kinders?

In 1 Konings 11:4-9 lees ons: **Veral in sy ouderdom het Salomo se vrouens hom verlei om ander gode te dien. Toe het hy die Here sy God nie meer met soveel toewyding gedien soos sy pa Dawid nie.** Oral in die Bybel sien ons vaders wat nie 'n goddelike erflating gelaat het nie, en wat



*Salomo se vrouens het hom verlei na ander gode*

verwoesting oor hul kinders en volgende geslagte laat kom het. Daarteenoor het konings soos Asa, Jehosafat en Josia doelbewus hul pa's se voetspore gevolg en gelowige nalatenskappe voorsien.



*Al die lande rondom Juda was verskrik oor die Here se mag*

Hul gehoorsaamheid het hul huishoudings geseën en ook vrede gebring onder naburige nasies. 2 Kronieke 17:10 verklaar: **Al die lande rondom Juda was van skrik bevange vir die Here; hulle het Josafat nie aangeval nie.** Wat se erfenis gaan ons vir ons kinders en volgende geslagte nalaat?

Maar selfs God se dienaars kan hierin struikel. Moses, Eli, Samuel en Dawid, elkeen 'n besondere dienaar van die Here, het gesukkel met hul vaderskap. Ons mag dalk ywerig wees met die bou van 'n geestelike erfenis, soos Moses vir Josua opgelei het, en Elia vir Elisa, maar is ons ewe ywerig om ons eie kinders op te voed in die kennis en hoë agting vir die Here?

Dink nou aan die verhaal van die wegloop seun: Al was hy rebels en spandabel, het sy pa se verlangende liefde nooit gewankel nie. Hierdie prentjie van die hemelse Vader herinner ons dat God ons roep om liefdevolle en geduldige ouers te wees wat 'n duursame geloofserfenis nalaat. Mag die Here ons die krag gee om sy genade en toewyding te weerspieël sodat ons kinders in sy weë kan wandel.

************

Posted at "Egmore RMS Patrika Channel" RNI TC NO. TNAFR/2007/21215

## 'n Goeie geleentheid om Echo of His Call Maandelikse Tydskrif gratis te kry

As jy vir ons die adresse van jou vriende / familie stuur per pos of e-pos, Whatsap of bel, sal ons maandeliks vir hulle **Echo of His Call** gratis stuur.

## Bid asseblief

## ST. PAUL'S MATRICULATION SCHOOL

Die Engelse Christen-Hoërskool wat Echo of His Call bedryf vir arm en weeskinders. Ons het borge nodig vir 200 kinders @ R200 per kind. Ons vra borge. Jy kan jou donasies na ons bankrekeninge in Suid-Afrika stuur.

**Onderrig van Gehalte!**
**Geestelike opleiding!!**

**Van kleuteronderrig tot Gr.10**

Kontak:

**10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai – 600 005.**
Telefoon : (+91-44) 2852 8282
Sel : (+91) 98410 71852
E-pos : sam@echoofhiscall.org

## ECHO OF HIS CALL

**Maandblad in 16 tale, Bybelkolleges, Korrespondensiekursusse, Kerkplanting, Village English High School, Evangeliese Drukpers, Uitreike, Seminare, Maatskaplike Dienste, ens.**

**Jaarlikse intekengeld Rs. 100/-** **Lewenslange intekengeld Rs. 2000/-**

Die veelvuldige aktiwiteite van die **Echo of His Call Bedieninge** word ondersteun deur die vrywillige offers en donasies van God se kinders soos jy. Jy kan **Echo of His Call** en ons aktiwiteite ondersteun soos die Here jou lei. Ons het jou hulp nodig om die evangelie uit te stuur na die onbereikte mense en om kerke te plant.

As jy gereeld die **Echo of His Call** maandblad wil ontvang, skryf asseblief aan ons. As jy van posadres of e-posadres verander, stel ons asseblief in kennis van jou ou en nuwe adres.

**Echo of His Call** is ook in 16 tale beskikbaar op ons webtuistes. Jy kan dit lees of op die webwerf gaan en dit aflaai en geseën word.

Julle briewe, gebedsversoeke en finansiële hulp (**Geldwissels, Tjeks of Aftrekorders, EO's, PayPal (Sam Selva Raj,** sam@echoofhiscall.org) **Tel.9841071858, Gpay (98410 71858), Western Union, MoneyGram** aan **Echo of His Call** kan asseblief gestuur word na die onderstaande adresse.

Stuur asseblief jou **landlyn/selfoonnommer** en **e-posadresse** vir opdatering.

## ECHO OF HIS CALL

10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA
PH: (+91-44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766, Cell: (+91) 98410 71858, 98412 71858 / E.mails: sam@echoofhiscall.org / biblecor@yahoo.co.in
Websites: www.echoofhiscall.org / www.stpaulsmatriculation.org

**JY KAN JOU DONASIES OOK AANLYN STUUR**

Regd. With the Registrar of Newspapers for India under No. TNAFR/2007/21215
Date of Publication: First week of every month
Date of Posting : 3rd & 4th of every month
Posted at "Egmore RMS Patrika Channel"
on 4th JUNE 2025
If un-delivered please return to:
ECHO OF HIS CALL (AFRIKAANS)
P.O. Box No. 2957, Chepauk, Chennai - 600 005, INDIA.
Phone: (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766

***JESUS HET JOU LIEF!***

To

***GOD SEËN JOU!***

Owned and published by **S. Sam Selva Raj** from New No. 8 & 10, Old No. 18 & 19, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005 and printed by **S. Sam Selva Raj** at **Echo of His Call Printers**, New No. 8 & 10, Old No. 18 & 19, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005. Editor: **S. Sam Selva Raj.**